PERSVERKLARING

DIE SANTA SHOEBOX-PROJEK VIER HUL 10DE VERJAARSDAG MET

"SOVEEL MEER AS NET 'N SKOENBOKS"

Toe die stigters van die Santa Shoebox-projek in 2006 begin skoenbokse versamel, gevul met geskenke vir minderbevoorregte kinders, het hulle nie in hul wildste drome kon dink dat dié projek gou een van Suid-Afrika se gunsteling jaarlikse feesseisoen liefdadigheidsprojekte sou word nie.

Hierdie jaar vier die Santa Shoebox-projek hul 10de verjaarsdag. In die 10 jaar sedert die projek in 'n voorstedelike huis afgeskop het, het dit meer as 550 000 verpersoonlikte skoenbokse aan kinders uit sosiaal minderbevoorregte agtergronde in Suid-Afrika en Namibië versprei. Meer as 50% van dié skoenbokse het kinders in wydstrekkende landelike gebiede bereik.

Nóg meer merkwaardig is die uitkringeffek van die projek, wat nie alleen ervaar word deur die kinders wat bokse onvang nie, maar ook deur skenkers, borge en vrywilligers. Ter viering van hierdie wonderlike uitwerking het die organiseerders van die 2016 veldtog besluit op die tema "Soveel Meer as Net 'n Skoenboks".

Die "Soveel Meer as Net 'n Skoenboks" veldtog sal fokus op hoe die skenking van 'n skoenboks aan die ontvanger daarvan soveel meer as net 'n verpersoonlikte skoenboks vol noodsaaklikgede gee – dit kweek ook 'n gevoel van eiewaarde en bied aan kinders die belofte van beter opvoeding, verbeterde persoonlike- en mondhigiëne en natuurlik ook die eenvoudige dingetjies wat elke kind behoort te geniet, soos lekkergoed en speelgoed.

Skenkers en vrywilligers baat ook op verkeie ongelooflike wyses deur hul betrokkenheid by die projek. Sommige van die vele persoonlike stories wat ons graag deel sluit in:

- Camille Quine is reeds vir baie jare 'n vrywilliger en nadat sy 'n tekort aan leesstof opgemerk het by die crèches in die townships wat sy besoek het, het sy haar eie *Little Libraries* projek op die been gebring.
- Naadira en Thushen Mudeliar het gaste by hul troue in Johannesburg vriendelik versoek om 'n Santa Shoebox in plaas van 'n trougeskenk te gee. Dié goeie daad op hul spesiale dag het vining op sosiale media versprei en deesdae verkies baie troupaartjies om dieselfde te doen.
- In 2015 het organiseerders 'n storie geplaas oor 'n klein dogtertjie wat weens haar familie se finansiële omstandighede nie terug skool toe kon gaan nie. Die Santa Shoebox-koördineerder in die area kon steeds 'n plan maak om haar boks af te lewer en binne enkele minute het ons netwerk van ondersteuners ook ingespring om te help. Binne dae is genoeg geld ingesamel om haar nie slegs terug skool toe te stuur nie, maar ook 'n trustfonds te stig vir haar verdere onderrig – tot haar familie se skok en dankbaarheid.
- (Om hul eie mylpale te vier word die publiek aangeraai om promosiemateriaal ter ondersteuning van hul goedhartigheid te bekom deur ons skakelbeampte te kontak by info@santashoebox.org.za.)

“Om te sien hoeveel lewens elke jaar aangeraak word deur dié projek is ontsagwekkend,” sê Hoof Uitvoerende Beampte Irené Pieters, “veral as jy in ag neem dat elk van ons ongeveer 50 aflaaipunte bestuur word deur vrywilligers wat vir niks meer vra as om die verheugde en vreugdevolle glimlaggies op kinders se gesigte oor die Kerstyd te sien nie. Van die roerendste oomblike is die dankbare uitdrukkings op die gesigte van die kinders se ouers, wat self nie in ‘n posisie is om vir hul kinders Kersgeskenke te koop nie en so dankbaar is dat vreemdelinge bereid is om in te tree en dit wel te doen. Dit is ‘n jaarlikse herinnering aan die goedhartigheid en barmhartigheid van soveel Suid-Afrikaners, en ons hoop om die werk vir ten minste nóg 10 jaar te kan voortsit.”

EINDIG

REDAKTEURSNOTAS:

· Die publiek word gevra om aan die Santa Shoebox-projek deel te neem deur vanaf 1 September op www.santashoebox.org.za as skenker te registreer en die naam en ouderdom van ‘n kind te kies vir wie hul ‘n skoenboks wil maak.
· Die toegedraaide skoenbokse moet in Oktober by sentrale verspreidingspunte oor die land afgelaai word. (‘n Lys van aflaaidatums en –punte is hier beskikbaar: http://santashoebox.org.za/find-my-local-dropoff/)

· Om ‘n volledige Santa Shoebox te pak word die volgende 10 items vereis:

1. Standaardgrootte skoenboks (aparte deksel of klapdeksel) met helder kleure versier
2. Etiket met strepieskode wat die skenker sal ontvang tydens die aanlyn borgproses
3. Tandeborsel
4. Tandepasta
5. Waslap
6. Seep
7. Speelding
8. Volledige uitrusting
9. Skryfbehoeftes
10. Lekkergoed

Let asseblief daarop dat alle items nuut en ouderdomsgeskik moet wees

Wat die Santa Shoebox-projek Behels

Die Santa Shoebox-projek is ‘n inisiatief van die Kids2Kidz-trust, ‘n geregistreerde Openbare Weldaadsorganisasie (OWO 930031301) en Organisasie sonder Winsbejag (OSW 102-098) met Afdeling 18A status en ‘n Vlak 4-B-BBEE Bydraer. PwC is die amptelike ouditeure van die Santa Shoebox-projek.

Vir meer oor die Santa Shoebox-projek

Vir besonderhede oor hoe om ‘n boks te borg, te pak en ander VVVs, besoek:

www.santashoebox.org.za

Facebook: https://www.facebook.com/SantaShoebox/

Twitter: @SantaShoebox

Instagram: @SantaShoebox

YouTube: https://www.youtube.com/channel/UCKcOR4UxYn4vD2039X2oMxg

Pinterest: https://za.pinterest.com/santashoebox/

Vir meer inligting, kontak asseblief:

Shelley Finch
Nasionale Openbare Betrekkinge & Bemarkingsbestuurder
084 027 6649
media@santashoebox.co.za

Hoëresolusie beelde is beskikbaar